VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

09 MEI 2020
HERDERSBRIEF #19B

Geliefde gemeente,

Dit is in ootmoed, dat ek hierdie skrywe aan u rig. Terselfdertyd is dit met dankbaarheid, en absolute geloofsekerheid – omrede die lewe van Christus ons rig.

Dankbaar, omdat ek weet: Christus is die hoof van hierdie bediening; Christus word geraadpleeg; Christus bepaal die toekoms van hierdie bediening.

Ek het gisteroggend opgestaan, met een enkele woord, wat in my gees, voortdurend na vore gekom het, naamlik: **DIE TOEKOMS.**

Die toekoms: van talle individue en instellings van hierdie digitale revolusie, gebou op verskillende fondamentstene, wat spreek van materiële werklikhede; gesofistikeerde belange-groepe, onder die invloed van die intelligentsia van ons tyd, nie die dryfkrag van EKD is nie. Die *Heilige Gees* wat Christus uit die dood uit opgewek het, is ons *dryfkrag*. U moet begryp en verstaan dat die Heilige Gees, kragdadig – een van die mees, uiterste negatiewe omstandigheid, naamlik die **DOOD** – oorwin het. Enige omstandigheid, wat ons sou bedreig en ons ook wil toets, nie 'n onmoontlike situasie is, waarin ons vasgevang mag wees en wat 'n uitwerking op ons emosies het – **ONOORWINLIK** is nie.

Suid-Afrika is tans polities en ekonomies, vasgevang in 'n fatale onsekerheid en ongerymdheid.

Ons land het 'n behoefte aan leierskap. Hierdie tipe leierskap wil ek graag kwalifiseer. Die hoof kenmerk waarin hierdie *leierskap* hulself moet onderskei, is om met waagmoed en vastigheid van gees, te bid. Om dit te illustreer dink ek onmiddellik aan **Dawid** en **Goliat**.

Dawid het die oorlogsterrein betree as 'n **BIDDER**. Wat hierdie gebeure so inspirerend maak, is omdat Dawid se gebedslewe nie 'n godsdienstige oefening was nie. Dit bring ons by wat dit presies beteken, om in die Heilige Gees te bid. **GEBED IS 'N GESINDHEID EN 'N LEEFWYSE**. Dawid het nie uit sy verstand uit gebid nie. Daar was ook nie noodwendig spesifieke tydgleuwe, wat hy ingeruim het vir gebed nie. **SY LEWE WAS EEN GROOT GEBED**. Daarom kon hy voor Goliat staan, want **sy gees was in kontak met God se Gees**. Soveel so, dat Dawid vanuit sy gees, Goliat tegemoet gegaan het en God se Gees deur Dawid, Goliat verslaan het.

Ek herhaal myself: Suid-Afrika het nie 'n behoefte aan godsdienstige gebede – wat vanuit die verstand voortvloei nie. Effektiewe gebed is 'n *gesindheid* en 'n *leefwyse* wat spreek van afhanklikheid, en eenheid. Asook eenheid tussen jou gees en God se Gees.

Daar is een baie belangrike konsep wat die Bybel aan ons voorhou. In ***1 Kor. 14:15*** *"Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid."* Binne-in hierdie konteks het ons die geestelike ruimte, om wel in 'n voortdurende vaste tydgleuf met die verstand te bid. Dit opsigself, spreek nie van die feit, dat ek die res van die tyd ***"nie bid nie".*** Die ideaal is dus, dat ek gedurende 'n vasgestelde bidtyd met my verstand bid, maar in soverre dit my daaglikse lewe aanbetref, ek voortdurend vanuit my gees in God se teenwoordigheid leef, werk, eet, slaap, omdat *my lewe met Christus verborge is in God* – ***Kol. 3:3***.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

*15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA*
*+27 12 543 0333*
*+27 12 567 7010*
*forum@ekdgenesis.com*
www *ekdgenesis.com*
*EKDGENESIS NPO1811131335*

As ons dus na hierdie *leefwyse* kyk, dan beteken dit nie dat ek nie ook met die verstand sal bid nie, wat dit wel beteken; ek is voortdurend in kontak met God; ek leef vanuit God se teenwoordigheid. So ‘n leefwyse kan slegs gehandhaaf word, as gevolg van dissipelskap – wat dit ten doel het, om my geestelik tot volwassenheid te lei, en maak dit dus deel uit van die vyfvoudige bediening, om tot die mate van die volle grootte in Christus te kom – ***Ef. 4:13***. My geestelike *groeiproses*, sal my bring by die dimensie van, **OM IN DIE GEES TE BID**.

Ek wil dit baie duidelik stel: in my binnekamer, beteken dit nie dat ek ook in die gees mag bid nie; ek kan in die gees en in die verstand bid; maar in soverre dit my daaglikse lewe aanbetref, beteken dit ook onder andere dat **God wat in die verborgene sien, my in die openbaar sal vergelde** – ***Matt. 6:6.***

Die verloopstruktuur van die *groeiproses* wil ek graag hier noem – wat behandel sal word tydens die dissipelskap naweke tot-en-met die einde van die jaar:

1) Ontvang Christus – ***Joh. 15:19-27; Rom. 8:28-30; 1 Kor. 1:30***.
2) Word ‘n navolger – ***2 Tim. 3:10,11***.
3) Gelouter in Christus (saam met Christus gegroei in die gelykvormigheid van Sy dood) – ***Rom. 6:5; 2 Kor. 7:10,11***.
4) Verligte oë van die verstand (The mind of Christ) – ***Fil. 4:8; 1 Kor. 2:16***.
5) Ywer in Christus – ***2 Pet. 1:5***.
6) Wandel in liefde – ***1 Kor. 13:5-8***.
7) Vrugdraende loot – ***Gal. 5:22***.
8) Vloei in gawes – ***1 Kor. 12:8-10***.
9) Wysheid in Christus – ***Jak. 3:17; 1 Kor. 1:30***.
10) “Man van Thessalonika” – ***1 en 2 Thess***.
11) Lotsverandering en onderhouding – ***Deut. 28:1-14; Ps. 126; Ps. 16:5.***
12) Die heerskappy (die vermoë om te begin heers) – ***Rom. 5:17***.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

*Ns. Ek ervaar in my gees dat ons ‘n definitiewe tydperk binne gaan, dat God op ‘n besondere wyse, in Christus , deur die kragwerking van die Heilige Gees, Homself aan ons openbaar.*



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335